**Skriflesing:** Deuteronomium 5:1-22; 33
**Tema:** Die liefde van die Here vuur ons aan. (tot luister, leer en gehoorsaam leef)

Ons lees in Deuteronomium 5 van die liefde en ook die almag van die Here. Omdat volk bly sondig het, het Hy hulle gestraf en hulle in Egipte in slawerny laat beland.
Maar Hy het sy volk te lief om hulle daar te los. Hy betoon 1000 keer veel eerder liefde as toorn en straf op sonde. Nagmaal is 'n bewys hiervan. Deur sy groot krag en mag het hy sy volk bevry.
Ons lees in Deuteronomium 5:6: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het."
Hy stel Homself nie net bekend as Here God nie, Hy is die Here jou God. Hy staan in 'n intieme verhouding met sy volk. En die mag van Egipte is ondergeskik aan sy almag.

Oppad na die beloofde land sien ons weer sy almag. Die Here het met Moses op die berg uit vuur en 'n stikdonker wolk gepraat. Die verskyning van die Here was so groot en indrukwekkend dat die volk bang was om naby te kom.
En ons moet ook nie sy grootheid soos beskryf in Deuteronomium5:22 by ons laat verbygaan nie: "Die Here het by die berg al hierdie gebooie duidelik hoorbaar aan julle hele gemeente gegee, uit die vuur en die stikdonker wolk uit, en toe het Hy stilgebly. Daarna het Hy dit op twee plat klippe geskryf en dit vir my gegee."

By Nagmaal bevestig ons Here God almagtig opnuut sy liefde vir almal van ons wat hier is en lewe. Ons was slawe vasgevang in sonde. Aan die kruis het Hy eenmaal volkome ons sondestraf gedra. Ons lees in Hebreërs 10:17 die versekering van die Here: "Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie." Deur sy opstanding is ons bevry tot nuwe lewe. Daarom vier ons nagmaal.

Maar ons kan nie nagmaal vier en hier uitstap soos wat ons hier ingekom het nie. Sy liefde vuur ons aan tot aksie. Sy liggaam gebreek en sy bloed gevloei vuur ons aan tot luister, leer en gehoorsaam leef.

Ons moet na die Here luister met ons ore. Ons moet, in oorgawe aan God, luister met ons hart. Ons moet luister en leer hoe 'n gehoorsame lewe lyk. Hy laat ons nie in die duister oor 'n gehoorsame lewe nie. Ons hoef nie te soek na die wil van die Here nie. Hy gee vir ons sy voorskrifte en bepalings.

Sy voorskrifte en bepalings kan opgesom word in liefde vir God en liefde vir mekaar. Dit is die pilare waarop alles rus waarvan ons in die Bybel lees.

Die eerste 4 gebooie gaan oor liefde vir God.
Daar is net een God wat absolute trou en lojaliteit van ons eis. Hy, en nie persoonlike behoeftes, geld of gewildheid, werk, ontspanning of vriende moet eerste kom in ons lewens.

Ons mag nie die Here se Naam sommer net sonder rede gebruik nie. Dink mooi voordat jy sy naam gebruik en wanneer jy dit doen, doen dit met eerbied en respek.

Fokus op Sondag op ‘n spesiale manier op Hom. Ons onderhou nie meer die sewende dag van die week nie. Ons vier opstandingsdag, die eerste dag van die week.

Op Sondag dink ons aan wat Hy vir ons gedoen het.
“Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte 'n slaaf was en dat die Here jou God jou deur sy groot krag en met magtige dade daaruit bevry het. Daarom het die Here jou God jou beveel om die sabbatdag te onderhou.” (Deuteronomium 5:15) Ons dink daaraan dat ons sondeslawe was en dat die Here ook vir ons deur sy groot krag en magtige dade bevry het.
Ons vier Sondag op ‘n spesiale manier anders as die ander dae van die week. Ons fokus op die Here.
En ons rus. Daarmee hou ons by God se patroon by die skepping. Hy het vir 6 dae geskep en toe gerus. Ons het hierdie ritme ook nodig.

Maar dit beteken niks dat ons ons liefde vir die Here bely en dit selfs leef en ons het nie mekaar lief nie.
Die volgende 6 gebooie gaan oor liefde vir ons naaste. Vanuit God se liefde, moet ons mekaar liefhê.

Die familie is die belangrikste bousteen van die samelewing. Die samelewing val uitmekaar omdat families uitmekaar val. Ouers moet hulle kinders liefhê en kinders moet hulle vader en moeder eer.

Ons mag nie doodslaan nie. Ek dink ons eerste reaksie is dat ons nooit iemand fisies sal doodslaan nie. Maar ons kan ook met ons gesindheid, gedagtes en woorde doodslaan. In die voetspore van Jesus moet ons liefde en versoening leef.

Omdat die liefde van die Here ons aanvuur, pleeg ons nie egbreuk nie. Ek breek nie uit my huwelik uit nie en ek breek nie in iemand anders se huwelik in nie.

Ons steel nie. Ons leef met oop harte en hande.

Ons jok nie. Ons sien in Deuteronomium dat die volk in daardie tyd al te doen gehad het met korrupsie en mense wat omgekoop word. Ons word nie deel hiervan nie.

En ons begeer nie.

Die Here het hierdie voorskrifte en bepalings tot ons voordeel gegee. Ons lees in Deuteronomium 5:33 “Bly op die pad wat die Here julle God vir julle aangewys het, sodat julle kan bly lewe en voorspoedig kan wees en lank kan woon in die land wat julle in besit sal neem.”

Aangevuur deur sy liefde, luister, leer en leef ons gehoorsaam sodat ons kan bly lewe en voorspoedig kan wees en lank kan woon in die land wat Hy ons in besit laat neem.
Amen